


BALDADIGE boontjiesakke

In die jare sewentig was geen kuierplek afgerond sonder kussings wat soos amoebas lyk nie. Maak dit vir die kleinspan se kamers en kyk hoe hulle opkrul met 'n lekkerlees-boek



JY BENODIG

Vir 1 sak: 2,2 m stewige katoen; sponssnippers om mee te vul.

MAAK SÓ

Standaardboontjiesak

- Vergroot patroon volgens aanwysings op diagram en knip uit.
- Pas patroonmerke op mekaar en stik die ses segmente se synate aan mekaar vas – laat opening van 20 cm in 1 synaat om op te stop.
- Heg klein sirkel aan bokant en groot sirkel aan onderkant.
- Dop om.
- Vul kussing met sponssnippers.
- Werk opening met hand toe.

BOONTJIESAKKE

